



TOULEIER



Sakkeroller sit my amper ore aan

Hoofstuk 3 Deel 27

Elke keer as ons so saam herkou aan die verlede, kom die Amasone maar weer terug as een van die mees eksotiese en ongerepte dele van die wêreld wat ons besoek het. 'n Kleinood uit die gedagte- en onthoukissie wat ons so gereeld uithaal en afstof, soos nou die dag wat ek so lê en swaai in die spesiale helderkleurige katoen hangmat wat ons destyds gekoop het.

By elkeen van ons blyplekke daarna het ek altyd eerste uitgekyk vir 'n geskikte plek waar ek hom kan span. Soos nou hier in Onrusrivier onder my aftreeboom. Hy hang van die sandolyf tot teen die studeerkamer se muur. So gespan dat ek die kaalwangvalk kan dophou soos hy gereeld sy draaie gaan maak daar naby die berg agter ons. Van my kinderdae af het ek verslaaf geraak aan 'n berg naby my. Hoe anders dan? Ek het mos aan die voet van Tafelberg grootgeword en was altyd net 'n duimgooi van die see.

Die volgende afnaweek besluit ons twee daar is nog 'n stukkie uitstaande reisigerskuld in Chili wat vereffen moet word. Ons was nooit ver genoeg Noord om die Atacama-woestyn te gaan besoek nie. Annabelle het weer die vliegkaartjies en blyplekke klaar bespreek en ons eerste stop op pad Suide toe is Arequipa 'n tipiese binnelandse dorpje en bekend vir sy geweefde El Paca wolprodukte asook eg Peruviaanse Pisco Suur witblits.

Nadat ons huurmotor ons afgelaai het by die heel skaflike hotelletjie naby die dorpsplein, vaar ons die strate in soos van ordentlike toeriste verwag word en doen by al wat 'n mark is aan. Hulle markte is baie soos ons plakkerskampe in Duskantland beplan. Sonder enige plan. Hulle strek sommer maklik van straat tot straat en vloei oor na 'n volgende blok. Mens raak stelselmatig ingetrek in so 'n plek se kleurvolle dieptes in, al agter jou sintuie aan. Veral dit wat jy sien en dit wat jy ruik. Almal is vriendelik en glimlag met al die min tande wat party het. 'n Mens raak baie maklik op jou gemak, amper te gemaklik. Op 'n kol, net toe ek die besige straat wou oorsteek, raak ek skielik bewus van 'n gevroetel in my kortbroek se sak. Instinkmatig slaan ek my hand van buite af op my sak en gryp ek die aspirant sakkerollertjie se hand binne-in my broeksak vas. Met die ander hand gryp ek hom aan sy T-hemp voor sy bors. Ek voel hoe hy my beursie binne-in my sak prysgee en ek trek sy hand uit en maak eers seker hy het niks anders daarin nie. Ek verstewig my vat aan sy T-hemp en met die ander hand voel ek of ek nog als wat myne is, aan boord het.

Een oomblik kyk ek nog in twee parmantige koffiebruin oë vas en die volgende moment kom Houdini in aksie en staan ek net met sy T-hemp in my hande. Hy laat spat oor die straat tussen die karre deur en ek sien hy is nie eens kaal bolyf nie. Hy het 'n tweede hemp onderaan aangehad. Op die manier het die akkedis sy stert suksesvol afgegooi en uit aanhouding ontsnap.

Met darem geen blywende skade nie en net baie meer bewus van ons status as potensiële sagte sakkeroller-teikens, is ons terug lughawe toe. Ons land op Tacna, die mees suidelike en ook saaiste lughawe in Peru. Daarvandaan neem ons 'n huurmotor oor 'n dorre landskap en gaan oor die grens by Arica, die mees noordelike dorpje van die langste land in die wêreld. Die volgende oggend huur ons vir ons 'n ordentlike viertrek Toyota en maak vinnig 'n draai of twee deur die dorp. Regtig niks om oor huis toe te skryf nie. Ons druk toe maar die neus van die bakkie Suid en mik vir een van die droogste plekke op moeder aarde.

HENNIE GREEFF

UITGEWER

Onrusrivier

pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

Versamelname

Wat is die versamelname vir die volgende?

- 'n **pluksel** appels (ook pere, perskes, vere)
- 'n **vloot** skepe (ook voertuie)
- 'n **konvooi** oorlogskepe
- 'n **flottielje** klein oorlogskepe
- 'n **nes** muise (ook slange)
- 'n **eskader** vliegtuie
- 'n **riem** afdrudpapier
- 'n **kolonie** vetplante (ook miere)
- 'n **oes** vrugte
- 'n **bank** water

Nat agter die ore

Waar/wanneer die uitdrukking ontstaan het, is nie duidelik nie.

Hoe dit ontstaan het, word goed deur dr Anton Prinsloo verduidelik:

Iemand is nat agter die ore (iemand is nog jonk en onervare). Na aanleiding van 'n pasgebore bokkie of kalf wat nog nie skoon gelek is of droog geword het nie.

Het jy dit geweet?

Die kommapunt in sinne word gebruik waar 'n voegwoord weggelaat is:

"Ek kom nie saam nie; ek is te besig. (want)

"Dis jammer; dis wat gebeur as jy draai. (maar)

Hy is 'n harde werker; hy verdien die prys. (en)

"Jy moet jou sokkies optrek; jy gaan druij. (of)

Om te lewe is 'n kuns: die bestes kry dit nie goed reg nie.

NUWE WOORDE VIR 2009

MOERASDONKIE

'n Baie onaantreklike persoon.

BLAAMSTORM

Om in groep te sit en redes te bespreek waarom 'n projek misluk of iemand die sperdatum gemis het – en wie nou eintlik daarvoor verantwoordelik is.

SEEMEEU-BESTUURDER

'n Bestuurder wat by die kantoor invlieg, 'n groot lawaai opskop, op almal en alles tjorts en dan padgee!

BOEING-BLONDINE

Iemand met spierwit gebleikte hare, maar wat nog steeds die "black box" behou het

WINDHOND

'n Baie kort rompie - net so 10 cm onderkant die haas

MILLENNIUM-KOEPSEL

Die inhoud van 'n Wonderbra – baie indrukwekkend van buite, maar daar is niks binne-in wat die moeite werd is om te sien nie.

Vreemde gesegdes

God gee neutte aan die man sonder tande.

Arabiese gesegde van ironie.

Daar's nie 'n koei op die ys nie.

Geen rede tot paniek - Sweeds.

Ek gaan waar die Tsaar te voet gaan.

Badkamer toe gaan, omdat dit glo die enigste plek was waarheen die Tsaar nie 'n koets gebruik het nie. - Russies.

**GRATIS NUUS en
baie meer –
IN AFRIKAANS!**

maroela
media
afrikaanse nuus- en kulturele plek

www.maroelamedia.co.za

Duskantlander in Anderkantland



Botterblomme en donkiespore

Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit haar land.

Drie weke nadat sy haar enigste seun begrawe het, sien Ta' Ewie die vaal donkie op die kalkrand staan en loer vir haar waar sy met 'n hand vol botterblomme stadig aanstap na die hoop sand waarop sy blomme gaan neerlê.

Sy het gewonder of daar kuiermense by die volk is en of dit hulle trekdier is wat nuuskierig rondstap. By die graf sien sy bokkerôl van haar vorige botterblomme; net donkiespore. "Seker maar honger," dink sy en trek die grafplase se hekkie styf op knip agter haar.

Mieta sê daar is geen niks en niemand aan die kuier by hulle nie – die laaste mense was weke laas hierlangs vir die begrafnis. 'n Dag later staan die vaal langoor net anderkant die weikamp van haar ganse, maar staan onseker vas toe sy die kombuis se slopemmer uitgooi en die ganse nader fladder. Mieta het kom vertel dat Rooi Jan die donkie sien suip het met die skape by die brakwaterpomp, en dat die donkie hinke-pink rondstap.

Vir twee weke het Ta' Ewie 'n paar skywe brood op die gansweikamp se hoekpaal vir die donkie gelos en met haar sagte stem vir die rondloopdonkie vertel hy kan maar nader staan, sy loop ook moeilik met haar sleg heup. Een oggend vroeg bring Rooi Jan 'n blêrende hanslam by die plaashuis aan. Terwyl sy melk warm maak vir die lam sien Ta' Ewie die paar grys langore staan bewegingloos en luister by die sinkwasbak se venster. Eers het sy Tone, haar brak, gaan toemaak in haar slaapkamer en die hanslam op die agterstoep loop voer. Kleintyd het sy op die dorp gesien hoe 'n donkie 'n rondloperhond doodskop, en onthou haar pa het gesê donkies en honne sal nimmers vriende wees, hulle weet beide kompeteer om mens se beste vriend te wees. 'Toe die donkie net so vyf treë wegstaan het sy die broodskywe op die rooistoeptrappe neergesit en weggestap om die tevrede lam in die ganshok te gaan toemaak.

Lammertyd moet mens regstaan met skoon melktiete en gesteriliseerde koeldrankbottels. Elke keer as Rooi Jan lammers onder die arm aandra, staan donkie nader en bekyk die petalje. Hanslammers gaat so aan die blêr, jy voel kranksinnigheid klop aan jou binneoor. Al om die twee ure, moet warm melk gevoer word. Tyd vir broodsnye uitdeel is min, en Ta' Ewie raak bewus van die ligte neus stootjie waar die brood al droog word in haar oorrok se sak.

Sy staan diep in die donkie se bruin oë en kyk terwyl die donkie uit haar plathand broodvreet. Ta' Ewie vertel die donkie dat sy na sy hinkepink sal moet kyk. Daai donkie het doodstil gestaan terwyl ou hande stadig oor sy skouers, boude en pote gly; net ore wat draai en Ta' Ewie se stem volg. Haar vasvat vingers het speensalf in die draad en doringskrape van die donkievel ingesmeer en steeds het die donkie bly staan. Rooi Jan het swartpik effe opgewarm, terwyl die tante 'n klip tussen ou droeë modder uit die hoef gekrap het. Ta' Ewie het die pik laat afkoel en bly vroetel met growwe hande deur die vaal donkiese hare – in die gesels het sy kraak in die donkie hoef toegesmeer.



Aanvanklik het sy gedink hy volg haar grafplaas toe omdat sy padlangs botterblomme pluk, maar die donkie het aandagtig geluister hoe sy daar in die rooisand tussen haar oorle man en seun se grafte sit en plaasnuus vertel.

Ta' Ewie kan nie meer onthou wanneer het die donkie bly vassteek by die hanslammers nie. Toe die tyd aanbreek vir die lammers om veld toe te gaan, het die donkie saam gegaan, en elke aand het die donkie en hanslammers teruggekome skaapkraal toe.

Rooi Jan het kom vertel hoe die donkie 'n groukat met sy hoewe platgekap het en jakkalse verjaag.

Rooi Jan weet as hy daai donkie in die vertes hoor balk, moet hy uitgooilammers loop optel. Ta' Ewie stap elke einde van die dag uit en gaan deel die dag se nuus met die donkie wat so ietsie uit haar plathand eet.

Mieta kan nie onthou wanneer laas Ta' Ewie gaan botterblomme neersit het in die grafplaas nie.

Elke slag wat Ta' Ewie uity Mariental se kant toe, kom sy terug en kry donkiespore voor die kombuisvenster, en sien al die botterblomme plaashek se kant toe is weggevreet.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com



SEKS

Vrou: "Seks! Seks! Seks! Dis al waaroor jy praat! Praat 'n slag oor die weer!"
Man: "Oukey – wanneer doen ons dit WEER?"

KAROOBOER

Die ou knoop 'n geselsie aan met 'n Karooboer.

"En hoe gaan dit op die plaas?"
"Medium."

"Hoe bedoel jy nou, medium?"
"Slegter as laasjaar, maar beter as volgende jaar."

WEDDENSAP

Argeoloë het 'n 3 000 jaar oue mummie se verbande versigtig afgehaal. Hulle het die materiaal en die menslike oorblyfsels noukeurig ondersoek. Een van die wetenskaplikes sê toe hy het die oorsaak van die sterfte nagespoor.

"Hoe het jy dit gedoen?" vra 'n kollega,
"Hy het aan 'n hartaanval gesterf."
"Wat laat jou so sê?"

"Ek het die bewys vam 'n weddenskap in sy sak gekry. Dit lui: '5 000 sikkels op Goliat vir 'n wen.'"

Ouderdom is geen waarborg teen domheid nie. Jy gaan nog dom dinge doen, net stadiger.

WYSE BERGIE

Die bergie lê onkapabel op 'n sypaadjie in Adderleystraat en 'n groep vergader spoedig om hom.

"Gee hom 'n dop brandewyn," sê 'n ou tannie.

"Staan terug en gee hom lug," sê 'n man.

"Gee hom 'n dop brandewyn," sê die ou tannie weer.

"Bel 'n ambulans," sê 'n man.

So hou die gebabbel 'n paar minute lank aan, totdat die bergie regop sit en skree:

"Mar sil djulle ammal sjarrap en virrie ou antie lyster?"

MISVERSTAND

Die blondine word deur 'n Uno raakgery. Haar verskoning?

"Ek het hom sien kom, maar ek het gedink dis 'n groot kar wat nog ver is."

BRIEFIES

Liewe Jesus
Miskien sou Kain en Abel mekaar nie so doodgemaak het as hulle elkeen sy eie kamer kon hê nie. Dit werk vir my en my broer.
Paul

Liewe Jesus
As U my Sondag in die kerk sal dophou, sal ek vir U my nuwe skoene wys.
Mickey

DIT HANG AF . . .

Toeris aan wildbewaarder:

"Is dit waar dat 'n leeu jou nie sal aanval nie as jy 'n sakkie met knoffel met jou saamdra?"

Wildbewaarder: "Dit gaan alles afhang van hoe vinnig jy die knoffel kan dra."

CLANCY deur Mark Lynch

Dit word al makliker om uit die bed te rol



Maar dan weer al moeiliker . . .



. . . om van die vloer af op te kan staan.



Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Oupa en die ouditeur

Die ontvanger besluit om 'n audit op Oupa te doen en dagvaar hom om die belastingkantoor te besoek. Die ouditeur was glad nie verras toe Oupa se prokureur hom vergesel nie.

Die ouditeur sê: "Wel meneer, u het 'n uitspattige lewenstyl en geen heelydse betrekking nie. U verklaar dit deur te beweer u wen baie geld met dobbel. Die belastingkantoor vind dit nie geloofwaardig nie."

"Ek is 'n goeie dobbelaar en ek kan dit bewys," sê Oupa. "Wat van 'n demonstrasie?"

Die ouditeur stem huiwerig in.

"Ek wed jou duisend rand ek kan my eie oog byt, sê Oupa, en die ouditeur aanvaar die weddenskap.

Oupa haal sy glas oog uit en byt dit, tot die onsteltenis van die ouditeur.

"Nou wed ek jou tweeduisend rand ek kan my ander oog ook byt," sê Oupa.

Die ouditeur kan sien Oupa is nie blind nie, en hy aanvaar die weddenskap, en Oupa haal sy valstande uit en byt sy ander oog.

Die verstomde ouditeur besef hy het pas drieduisend rand verloor met Oupa se prokureur as getuie, en hy raak senuagtig.

"Wat van dubbel of niks?" vra Oupa. "Ek wed jou sesduisend rand dat ek dié kant van jou lessenaar kan staan en in die snippermandjie aan die ander kant kan piepie sonder om 'n druppel tussenin te mors."

Die ouditeur is nou baie versigtig, maar hy bekyk die ou man en besluit daar is nie 'n manier wat hy so iets gaan regkry nie, en hy stem in.

Oupa gaan staan langs die lessenaar, kreun en steun van inspanning maar hy kan nie die straal oor die lessenaar kry nie en piepie die hele lessenaar papnat.

Die ouditeur spring van blydschap toe hy besef hy het 'n verlies in 'n reusewins omskep.


Oupa se prokureur laat sak sy kop al kermend in sy hande.

"Is alles reg?" vra die ouditeur.

"Nee," sê die prokureur, "vanoggend het Oupa vir my gesê hy is gedagvaar vir 'n audit, en toe wed hy my R25 000 hy sal jou hele lessenaar nat pie en jy sal verheug wees daaroor!"

Woordeboek vir advertensies van vroue wat maats soek

In die 40's	49
Avontuurlik	Baie rondgeslaap
Atleties	Geen borste
Gemiddeld	Baie lelik
Aansteeklike glimlag	Gebruik pille
Emosioneel stabiel	Op medikasie
Feminis	Vet
Vrye gees	Dwelmslaaf
Prettige persoon	Irriterend
New age	Liggaamshare op verkeerde plekke
Oop gemoed	Desperaas
Uitgaande persoon	Luidrugtig
Gevoelvol	Sloppie dronklap
Professioneel	Teef



Dominees moet baie meer spesifiek wees

"Ek reken net hulle moet voordat 'n jongman trou, vir hom beter verduidelik wat hy alles te wagte kan wees wanneer hy trou en kinders het," sê oom Johnny.

"Of die dominee moet dit in die huweliksplegtigheid bywerk by daai deel waar hy jou vra of jy haar deur dik en dun (of is dit dik en dik?) sal bystaan," sê hy.

"Die dominees moet meer spesifiek wees en byvoorbeeld vra:

'Sien jy, Bartholomeus Josephus Andreas Janse van Rensburg, kans om by Katryntjie Myburg hier aan jou sy te bly deur 550 kolieknagte,

- 2 700 poefdoeke,
- 36 kinderpartytjies met narre en springkastele,
- 15 optredes as Kersvader,
- 60 as die tandemuis,
- 60 as die Paashaas
- 40 Saterdag se Bulletjie-rugby pleks van gholp,
- 300 skooltake,
- 2 000 ballet-, swem-, tennis-, klavier-, drama- en stoeiklasse, kompetisies of kunswedstryde,
- 24 tienerpartytjies met diskoligte in jou motorhuis,
- 80 uur in rybewystoue en deur vier gebarste geisers, lekkende swembaddens, yskaste, skottelgoedwasmasjiene en sewe tienerliefdesteleurstellings?

"Bartholomeus, wat is hierop jou antwoord?"

Nee manne, laat ons 'n bietjie hoor wat antwoord daai perdjie sulke tyd!

En wat die dominee en niemand anders daai tyd vir jou sê nie, is dat alles weer vir jou van voor af begin as jou kleinkinders naby jou kom nesskop.

Maar soos ek sê, dis die lewe.

HONDEKOS – vir wie anders?

Nou die dag gaan koop ek 'n sak EPOL-hondekos by Pick n Pay. Terwyl ek so in die ry staan, vra 'n vrou agter my of ek 'n hond het.

Sommer aspris sê ek vir haar: "Nee, ek het nie 'n hond nie. Ek begin weer met die Epol-dieët." Ek sien sy kyk my so snaaks aan, maar ek gaan aan:

"Eintlik weet ek dat ek nie weer op die diëet moet gaan nie, want laaskeer het ek in die hospitaal beland. Ek het in die intensiewe eenheid wakker geword met pype wat uit elke gaatjie in my lyf kom. Maar ek het 22 kg verloor en dit was die moeite werd."

Ek vertel haar dat die Epol-dieët eintlik al die vitamines en minerale bevat wat 'n mens nodig het. En dis so maklik! Al wat jy doen, is om jou broeksakke vol te maak met Epol-pille, en jy eet een of twee wanneer jy ook al honger voel.

Teen hierdie tyd luister al wat 'n persoon is na my storie, veral die ou wat agter die vrou in die ry staan.

Heel geskok vra die vrou my toe of ek in die hospitaal beland het van voedselvergiftiging.

Ek antwoord toe: "Nee, ek het in die straat my privaatdele gesit en lek toe 'n kar my raakry!"

Ek dog die ou agter haar kry 'n hartaanval, so lag hy.

Simpel vrou - vir wie het sy gedink koop ek die hondekos?

Tyrone en die siek onnie

Tyrone was altyd in die moeilikheid op skool. Sy onderwyseres het gedurig op hom geskreeu.

Eendag kom hoor sy ma hoe hy vaar. Die raadop onderwyseres speel toe oop kaarte met die ma en vertel haar in soveel woorde dat hy te onnosel is om ooit iets te leer.

Die ma was so geskok dat sy haar kind dadelik uit die skool gehaal het en van Kaapstad na Johannesburg verhuis het.

25 jaar later word die onderwyseres gediagnoseer met 'n baie rare hartsiekte. Die dokters raai haar aan om na die enigste kliniek in die land gaan waar daar een chirurg is wat die soort operasie kan doen.

Sy sit toe maar af Kaap toe en ondergaan die operasie. Dit was 'n yslieke sukses en toe sy later haar oë oopmaak in intensief, sien sy hoë 'n aantreklike jong dokter vir haar glimlag.

Sy wil hom bedank, maar kon nie praat nie. Skielik begin sy blou word in die gesig. Sy lig haar hand en probeer hom iets sê maar sterf ongelukkig voordat sy iets kan uitkry.

Die jong dokter was in skok. Hy het gewonder wat verkeerd kon gaan en wat sy hom wou vertel.

Toe hy uiteindelik omdraai, sien hy ons jong vriend Tyrone. Hy was 'n skoonmaker by die kliniek en het intussen die onderwyseres se lewenstelsel se prop by die muur uitgetrek om sy stofsuiers daar in te prop.

As jy gedink het Tyrone het 'n hartchirurg geword, het jy vir seker ook gedink Suid-Afrika gaan die Wêreldbeker wen.

Soms kan 'n man net nie wen nie!

Die man vra toe op Vrouedag of sy saam met hom wil gaan draf.

"Hoekom? Is dit jou manier om te sê ek is vet?"

"Nee, maar dis goed vir jou gesondheid," sê hy versigtig.

"So nou is ek skielik sieklik?"

Hy: "Jy verstaan my verkeerd, dis nie wat ek bedoel nie."

Sy, nou baie opgewerk: "So ek is onnosel en verstaan eintlik niks!"

Hy: "Dis nie wat gesê het nie, skat."

Sy: "So nou is ek nog 'n leuenaar ook!"

Hy (sug, gee op, draai om): "Slaap maar nog 'n bietjie, skat. Ek sal alleen gaan draf."

Sy: "Tipies! Jy doen mos alles alleen! Geniet dit."

Die Spietkop en die sirkelgogga

'n Verkeerskonstabel trek 'n Vrystaatse boer vir 'n spoedoortreding af. Die boer pleit: Hy was nie ver oor die perk nie, maar die verkeersman hou aan met skryf. Hy waai 'n vlieg van sy gesig weg.

Boer: "Pla die sirkel-gogga jou?"

Die konstabel hou op skryf, kyk na die boer en vra:

"Wat is 'n sirkelgogga?"

Boer: "Daai vlieg. Hulle sirkel om perde se agterkante."

Die konstabel hou op skryf. "Probeer jy dalk sê ek is 'n perd se gat?"

Boer: "Nog nooit nie! Ek het te groot respek vir geregsdienaars!"

Die konstabel skryf voort.

Ná 'n rukkie sê die boer: "Maar jy kan daai vlieë nie kul nie."

NIKS HET VERANDER NIE

Lank gelede as mans kwaad geword het, het hulle die gode gevloek en die aarde met stokke geslaan.

Vandag doen hulle dit steeds.

Hulle noem dit gholf.



Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Die maand se top vanne: (die twee **Nels** moet kontak maak!)

van Niekerk rallyrebels@mweb.co.za

Ek is op soek na inligting oor

1 Hendrik Cornelius: geb 10/6/1856; getr Sara Getruida Theron

2 Hendrik Cornelius: geb 25/10/1895 tr Cornelia Susanna Viviers

Nel pmeyer39@gmail.com

Eks op soek na die volgende inligting. My Oupa was Willem Petrus Nel gebore 21

April 1870. sy ouers se name Asook my ouma Hester Magdalena Nel gebore van

Deventer gebore 13 Desember 1877 se ouers. **Nel** lizettevheerden@hotmail.com

Ek soek steeds na inligting oor Thomas Lodowicus/Lodewijk Nel van Klaarstroom-

omgewing. Wil graag weet wie was sy ouers. ek wil ook weet wie doen TANS

navorsing oor die Stoop familie Groete Lizette van Heerden

Heyl johanhey4@gmail.com

Nuwe e-posadres. Wil kontak maak met H Heyl van Welkom

Nog vanne wat ingekom het: Ackermann, Van Tonder, Delpont.

Gaan na www.onsdorp.com/stamboom en kyk uit vir jou eie van.

Die dobbelende blondine wen toe weer!



Twee verveelde kaart-delers het by die casino se tafel gesit en wag vir 'n nuwe dobbelaar, toe 'n aanvallige blondine kom en R20 000 verwed op 'n enkele rol van die dobbelsteentjie.

"Ek hoop nie julle gee om nie," het sy gesê, "maar ek voel gelukkiger as ek heeltmal nakend is."

Sy begin toe sommer ook dadelik om van haar klere ontslae te raak, rol die steentjie en skree,

"Kom nou, boeta, mamma het nuwe klere nodig!"

Toe die steentjie ophou rol, spring sy op en af en gil, "Ek het gewen! Joegaa! Ek het gewen!"

Sy het albei kaartdelers omhels, haar wengeld en haar klere opgeraap en dadelik verkas.

Die twee delers het mekaar oorbluf angekyk, totdat die een vra, "Wat het sy gerol?"

"Nee," sê sy maat, "ek het vergeet om te kyk - ek het gedink jy kyk."

Wat net weer bewys: Nie alle blondines is dom nie, maar alle mans is mans.

Nuusflits

"Vier gewapende mans het gisteraand 4 miljoen Zimbabwiese dollar uit 'n bank gesteel. Die rede vir die diefstal is onbekend."

Definisies

♦Wat is die definisie van 'n pessimis?

'n Optimis met ondervinding.

♦Wat noem jy 'n koei met losse sedes?

'n Melktert.

Luggesprekke met die beheertoring

O'Hare toring aan 'n 747: "United 329, daar is 'n Fokker op eenuur, drie myl, oostelike rigting."

United 329: "Beheer, ek wou dit nog altyd gesê het . . . ek sien die Fokker."

Toring: "Dealta 351, jy het verkeer op tienuur, ses myl!"

Dealta 351: "Gee ons nog 'n leidraad! Ons het digitale horlosies!"

AGTEROS

Net voor uitspantyd



Petaljes met 'n sleepwa

'Die sak klink mos soos my sak'. Ons sal moet terugdraai en duimvashou dat die sak nog daar lê, want dit is winter en ons kan nie kampeer sonder komberse nie. Al kombers wat nou nog in die kar is, is die hond s'n.

Van Kammalander in Oz

Dit is 'n heerlike Saterdagoggend. Die kar is gepak, die sleepwa is vol kamptoeerusting en natuurlik het ek oudergewoonte die beddegoed in 'n groot oranje vuilgoedsak gepak om dit te beskerm teen reën en stof.

Ons gaan mos plaas toe en ek sien net stowwerige stofpaaie. Ek inspekteer nie die seiltjie wat Johan oor die waentjie gespan het nie. Hy is mos 'n 'gesoute kampeerder' en weet mos teen hierdie tyd hoe om 'n seiltjie oor n waentjie te span.

Hy was nog altyd 'n avontuur mens, Afrika plat gery met waentjies. Ons is reg vir die plaas, so drie ure se ry van Cleveland, Brisbane na Maryborough volgens my man. Ek vra altyd hoe ver plekke is, want ek dink ek het rykoors ontwikkel vandat ons so ver moes trek uit Victoria na Queensland. Dit het gevoel of daar nie einde aan die pad kom nie, 1 800 km net om jou speelgoed in 'n ander provinsie te kry.

Ons het 'n leerlingbestuurder aan die wiel, kort nog baie ure voordat sy haar rybewys kan kry. Ek is nie baie gelukkig met die idee nie. Mel het nog nooit op die hoofweg bestuur nie maar nee, my man skop vas, sy moet bestuur. My senuwees knaag so bietjie maar daar gaan ons.

Ná 'n uur op die pad begin die nood druk. Stop by die eerste petrolstasie en almal loop 'n draai. Tot die hond word gevat om die grassies en plantjies water te gee. Manlief inspekteer die seiltjie en doen so 'n paar verstellings. Nou nog net twee ure en dan is ons op die plaas, dink ek by myself.

My dogter is weer agter die stuur en sit pennetjie orent, amper of sy 'n stokkie ingesluk het. Sy hou net die pad voor haar dop, kyk in geen spieëltjie nie. Ek kyk in 'n stadium terug of alles nog oukei is met die seiltjie en met die terugkykslag blaas iemand met die verbygaan hul toeter en beduie na die waentjie.

Ek sien die seiltjie flapper te lekker. Daar word afgetrek en Johan is weer by blokkie een. Trek die seil reg en begin die toue weer vasmaak en toe stop daar skielik iemand langs ons. Hulle wil ons net laat weet dat die helfte van ons speelgoed langs die pad lê en ook 'n groot oranje sak.

'Die sak klink mos soos my sak'. Ons sal moet terugdraai en duimvashou dat die sak nog daar lê want dit is winter en ons kan nie kampeer sonder komberse nie. Al kombers wat nou nog in die kar is, is die hond s'n.

Ons draai om en ry stadig en bekyk die wêreld om te sien waar die goed is wat afgewaai het. Ons sien darem die matrassies en duvet, maar geen sak nie.

Johan hardloop soos 'n afkophoender op die snelweg rond om al die speelgoed bymekaar te maak. Ons bondel die matrassies en duvet sommer op die agter-sitplek want ek dink nie my man sien kans om die seiltjie weer af te haal nie.

Ek is nou sommer vies want daardie komberse kom nog uit Suid-Afrika en dit was daardie regte dik, warm komberse. Nou moet ons seker maar huis toe gaan, dink ek by myself. Maar ons ry voort. Ons stop in Gympie en my man koop amper die hele K-Mart leeg. Ek dink hy was bang ek sê ons moet huis toe gaan.

Hy kom terug by die kar met nuwe komberse, slaapsakke, lakens en handoeke. Hy haal die seiltjie weer af, maar net aan die voorkant en bondel die nuwe beddegoed in, maak die seiltjie toe en bind vas.

Uiteindelik arriveer ons op die plaas, ses ure later nadat ons nog by die verkeerde plaashek ingedraai het. Stop en bekyk die wêreld, want ons moet nou tent opslaan. Ons soek 'n lekker plekkie met so bietjie koelte vir as jy môreoggend wil inlê

Daar is baie bome, maar hier in Australië slaan jy nie tent op onder enige boom nie. Die bome se takke word droog en val af. Ons het so geval gehad in Mildure langs die Murrayrivier waar 'n tak afgeval het en ons vriende se splinter nuwe gazebo, nie eers 'n uur oud nie, so bietjie vir hulle gebuig het.

Ons kry toe die regte staanplekkie en begin die kar uitpak. Johan is by die waentjie besig om die toue los te maak om by die tent uit te kom. Ek hoor hy begin lag en roep Mel nade: "Kom kyk hier!"

Sy stap nader en kraai van die lag. Ek stap nader om te kyk waaroor die pret gaan. Daar lê my groot oranje sak nogsteeds in die waentjie! Ek het lekker gelag. Die 'gesoute kampeerder' het gese 'ons mag niemand vertel nie. Die naweek het darm goed uitgedraai na al die drama.

As julle vrouens daar buite nuwe beddegoed vir jou oues soek: Kry 'n leerling-bestuurder wat glad nie in die spieëltjies kyk nie en sorg dat die waentjie se seiltjie bietjie lol - net genoeg dat die wind dit effens skep en laat fladder.

KAMMANUUS verskyn weer op 17 SEPTEMBER 2018

KAMMANUUS het sy maksimum verspreidinggrootte bereik, maar as jy op hierdie skakel klik, kan jy KAMMANUUS EKSTRA maklik self aflaai:
www.onsdorp.com/ekstra.html

